'Staat behoort vennoot van die landbou te wees'

Deur ISABEL STOLTZ

Dit is belangrik dat die Regering bedryfsorganisasies in die landbou erken en produsente bemagtig, nie net reguleer nie. Hy behoort die landbou se strategiese vennoot in die handel te wees, het mnr. Kobus Hartman, kenner van internasionale regulasies oor voedselveiligheid en chemiese residu, op die Plantbeskermings- en Dieregesondheidsvereniging (Avcasa) se kongres buite Benoni gesê.

Die produksie en uitvoer van vars produkte word toenemend 'n knelpunt weens verskeie redes, soos die weer, 'n tekort aan produksiegrond en water.

Dit is moeilik om in 'n mededingende bedryf op die voorpunt te bly as vermoë en opleiding by beleid- en wetmakers ontbreek.

Dr. Bernard Johnen, direkteur van regulatoriese beginsels by CropLife Internasionaal, het gesê sowat 40% van geproduseerde voedsel word jaarliks vermors weens siektes en plae, terwyl verbruikers aandring op oesbeskerming met die minste risiko.

Regulering is die antwoord om in albei se behoeftes te voorsien, maar dit moet op 'n wetenskaplike basis berus om vertroue in te boesem.

Johnen sê 'n universele benadering vir die beginsels van regulering is nodig om te keer dat die kleinhandel sy eie, private standaarde afdwing. "Kettingwinkels, soos Sainsbury's en Marks & Spencer, wat soos reguleerders optree, is irriterend."

CropLife SA het 'n webwerf ontwikkel om produsente by te staan met 'n strategie vir gewasbeplanning wat die gebruik en residu risiko's van chemiese beheerprodukte aandui. Agri-Intel word in Desember bekend gestel.

Meer as 1 800 etikette vir landbou-chemiese inligting is verwerk vir inligting oor aktiewe bestanddele, handelsname en registrasienommers en meer as 88 verskillende vrugte- en kontantgewasse is reeds op die databasis. Ander kommoditeite sal in die toekoms bygewerk word.

Die behoefte is uitgespreek vir 'n soortgelyke databasis vir dieregesondheidsmiddels.